SimpleStudy®

**Onderwys en Sportontwikkeling**
**Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko**
**Dept. van Onderwys en Sportontwikkeling**
**Dept. of Education and Sport Development**
**NOORDWESPROVINSIE**

# GRAAD 11

# AFRIKAANS
# EERSTE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 1

## DATUM: 05 JUNIE 2017

**Punte: 80** **Tyd: 2 ure**

*Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek ’n lyn na elke Afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.
8. Voorgestelde tye: AFDELING A: 50 minute AFDELING B: 30 minute AFDELING C: 40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 – ARTIKEL**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

## REFENTSE: BESIG OM MY EIE PAD TE VIND



1. Die nuwe Afrikaanse musieksensasie, Refentse Morake, het daardie aand voor die gehoor by die KKNK meteens geweet dít is waar die Here hom wil hê. Daar saam met Karen Zoid op die verhoog het sy vreemde pad skielik sin gemaak.

2. Ek het belangrike waarhede by my Ouma geleer:
Ek het by my ouma op ’n plot buite Meyerton grootgeword. Omdat my pa en ma in Vereeniging gewoon en gewerk het, was ek net naweke by hulle. Arme Ouma moes noodgedwonge my pa, ma, boetie én sussie speel! Dit was ’n lekker tyd van my lewe.

3. My ouma was ’n skoonmaker by die laerskool waar ek skoolgegaan het. Soggens het ons saam bus gery skool toe. Ek lag nou nog as ek dink aan die talle oggende wat ons laat was en moes hol om betyds te wees vir die bus. Ouma kon laat waai, hoor. Dan kon ek omtrent nie wegkom nie, ek het te veel geskater! My ouma kon baie vinniger hardloop as ek.

4. My ouers het my destyds in ’n Afrikaanse skool gesit al kon nie ek of hulle Afrikaans praat nie. My ouma kon nie altyd met my huiswerk help nie. My ouers kan glad nie Afrikaans verstaan nie, toe speel hulle vir my Afrikaanse musiek: Koos Doep, Laurika Rauch, Jan Blom. Selfs ’n bietjie Kurt Darren. Daar raak ek mos

verlief op die taal en weier om na ’n Engelse skool te gaan toe ek later by my ouers gaan bly het.

5. My ouma was regtig een van my beste pêlle. By haar het ek een van die belangrikste waarhede van die lewe geleer: om altyd hard te werk en jouself nooit hoër te ag as ander nie. Sy het alle mense dieselfde behandel, ongeag hulle klas of stand. Ek streef om te leef soos sy. Ons is almal tog gelyk.

6. My musiekloopbaan het met ’n revue begin
My maatjie Cherise was die oorsaak van my eerste kennismaking met die verhoog. Cherise is Afrikaanssprekend en het oorkant ons gebly. Kyk, die taal het aan die begin maar sy uitdagings gehad. Ek was die enigste nie-wit kind in my klas. Gelukkig was Cherise in dieselfde skool. Sy het my gehelp met die taal en om in te pas.

7. Ek onthou een oggend in die saal het ons skoolhoof met my geraas en toe lag ek vir hom voor die hele skool! Hy het my juis oor die vingers getik omdat ek gepraat het toe ons moes stilbly. Hoe moes ek weet wat hy sê? Hy het so tekere gegaan dat ek gedink het hy terg my... en toe bars ek uit van die lag. Dit was maar één van my taalflaters.

8. Cherise was in die laerskool se revue-groep. Een middag het ek vir haar gewag terwyl die revue gerepeteer het. Hoogs verveeld dans ek toe rond agter in die saal in ’n poging om die kinders te vermaak. En daar sien die afrigter my en nooi my om by die revue aan te sluit! My eerste optrede was dus nie as sanger nie, maar as danser in die laerskool.

9. My bediening gaan oor grense afbreek
Ek het besef iets is besig om te verander die dag toe die vrou wat die video van my wat sing op Facebook gelaai het, my na haar rekenaar roep en vir my wys hoe my ***likes*** soos ’n kar se spoedmeter hardloop.

10. Ek wil hê mense moet agterkom wie ons is as ons net Suid-Afrikaans is. As ons nie wit of geel of enigiets anders is nie. Die enigste ding wat ons kan red, is musiek, want dit is die enigste ding wat verskille eenkant toe kan skuif. Ek sing omdat die Here wil hê ek moet. As Hy my gevra het om sport te doen, het ek dit gedoen. Gelukkig het Hy my gevra om iets te doen waarvan ek hou.

*(FINESSE 15 Desember 2016)*

1.1 Skryf EEN woord uit die hoofopskrif neer wat sê dat die leesstuk oor die verloop van ’n persoon se lewe handel. (1)

1.2 Watter woord uit par. 1 sê vir ons dat Refentse ʼn groot indruk as sanger gemaak het? (1)

1.3 Tydens watter geleentheid het Refentse se lewe vir homself nuwe betekenis gekry? (1)

1.4 Haal ʼn FRASE uit par. 1 aan om te bewys dat hy ʻn gelowige persoon is. (1)

1.5 Waarom kon sy *ouma* rolmodel wees en nie sy *ma* nie? (1)

1.6 Watter karaktereienskap van sy ouma het hy die meeste bewonder? (1)

1.7 Wat beteken die uitdrukking in par. 3 "*My ouma kon **laat waai**, hoor.*" (1)

1.8 Waarom het sy ouma saam met hom bus gery? (1)

1.9 Dink jy Refentse se ouma was ʼn persoon wat goeie kwalifikasies gehad het? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (1)

1.10 Is die volgende stelling ʼn FEIT of ʼn MENING?

*My ouma kon nie altyd help met my huiswerk nie.* (1)

1.11 Noem TWEE van die Afrikaanse sangers na wie se musiek Refentse geluister het. (2)

1.12 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A - D) neer:

"geskater" par. 3 beteken: …

A gehardloop

B gelag

C geskaats

D geskat (1)

1.13 Noem TWEE wyses/maniere waarop Cherise vir Refentse bygestaan het. (2)

1.14 Wat beteken die uitdrukking "*oor die vingers getik*"? (1)

1.15 Skryf EEN woord uit par. 7 neer as bewys dat Refentse nie Afrikaans mooi verstaan het nie. (1)

1.16 *Refentse se loopbaan in die musiekwêreld het afgeskop omdat hy so mooi kon sing.*

Hierdie stelling is ONWAAR. Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Hoe het Refentse se sangloopbaan bekend geword? (2)

1.18 Verduidelik die betekenis van die vergelyking in par. 9.
… ***likes*** soos ’n kar se spoedmeter hardloop. (1)

1.19 *My bediening gaan oor* ***grense afbreek***

1.19.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.
Die bogenoemde is ’n voorbeeld van
(*denotatiewe/konnotatiewe)* taal. (1)

1.19.2 Verduidelik wat die sin beteken. (1)

1.20 Stem jy saam met Refentse dat musiek alle mense nader aan mekaar kan bring? Motiveer jou antwoord. (1)

**[24]**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die prent en die teks en beantwoord die vrae wat volg.




1.21 Kies die korrekte antwoord:
Die sanger se gesigsuitdrukking toon duidelik dat hy (seker van sy saak/ongelukkig) is. (1)

1.22 Wat is sy DOEL met die liedjie wat hy vir die dames sing? (1)

1.23 Hoe reageer die dames op die lied? (1)

1.24 Wat lei jy af uit die liggaamshouding van die swartkop vrou? (1)

1.25 Verduidelik die STEREOTIPERING wat in hierdie spotprent voorkom. (2)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**VRAAG 2**

**AFDELING B – OPSOMMING**
**TEKS C**

In die artikel word die waarde van goeie musiek bespreek. Lees die artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

INSTRUKSIES:

1. Som die VOORDELE van musiek vir goeie gesondheid in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die regte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Afrikaans Sonder Grense
Lekker musiek vir alle mense

**MUSIEK MAAK GESOND!**

1 Navorsers het bewys dat vroeë musiekonderwys ŉ kind se brein stimuleer. Dit lei weer tot verbeterde prestasie. ŉ Studie onder 8- tot 11-jariges het bewys dat diegene wat buitemuurse musieklesse het, ŉ hoër verbale IK ontwikkel.

2 Studies het voorts bewys dat musiek ook ŉ invloed op die mens se hartklop het. Hartpasiënte wat na musiek geluister het, het heelwat vinniger as ander pasiënte herstel.

3 Ons almal ondervind op een of ander stadium slaapprobleme. Dit kom veral voor na 'n ooraktiewe dag. As mens voor jy die dag afsluit, na musiek luister, verbeter die gehalte van die slaapproses.

4 Musiek het ook ŉ invloed op die mens se emosionele toestand. Dit het 'n kalmerende effek en laat jou gelukkig voel. Jou brein skei *dopamien* vry terwyl jy na musiek luister. Dit veroorsaak ŉ chemiese reaksie wat jou wil laat beweeg.

5 Musiek het ook ŉ goeie invloed op die vlakke van die streshormoon. Sodra jy lus voel om te dans as jy musiek hoor, weet maar: jy is besig om gesond te word!

6 Die mens se verstand en psige word positief beïnvloed deur na musiek te luister. As jou verstand helder is kan jy baie positiewe werk doen.

7 Verder is daar ook bevind dat musiekopleiding help om die brein gesond te hou as mens ouer word. Dis 'n soort kognitiewe oefening wat die brein skerper maak. Dit stel die mens in staat om die uitdagings van veroudering beter te hanteer.

*(Verwerk uit Factual Enlightment)*

**(10)**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE- EN KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

### TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




VRAE:

3.1 Gee die ENKELFOUT van **hartsnare** (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:

**Watter klank laat jou huis toe verlang?** (1)

3.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies:

" Watter klank roer jou hartsnare?" is 'n voorbeeld van (denotasie/konnotasie). (1)

3.4 Gebruik die HOMONIEM van **"lyk"** in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het:

"Hoe **lyk** jou Afrikaans?" (1)

3.5 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF (te/om te):

"Reis saam elke Woensdag op Via-TV."
.
Begin so: Jy behoort … . (1)

3.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die antwoord (A - D) neer:

"Laat jou voete jeuk" beteken:

A jy het ver geloop

B iets het jou gebyt.

C jy is baie gelukkig .

D jy is lus om te gaan dans (1)

3.7 Gee die ANTONIEM (teenoorgestelde) van die vetgedrukte woord:

Op 'n **koue** winteraand …. (1)

3.8 Gee die verkleiningsvorm van **klank.** (1)

3.9 Gee die MEERVOUD van **kitaar.** (1)


3.10 Hoe vestig die adverteerder ons aandag op die woord AFRIKAANS? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1 Waarom word ***Ma*** in raampie 1 met 'n hoofletter geskryf?. (1)

4.2 Hoe sluit Flo se lyftaal by haar woorde in raampie 2 aan? (2)

4.3 Skryf Moeder se woorde in raampie 3 in die direkte rede.

Begin jou antwoord met: "Moeder sê ... (1)

4.4 Kies die woord tussen hakies wat pas in die volgende vaste uitdrukking:

*Ek is nou siek en (moeg/bly/sat/gesond) vir jou aantygings.* (1)

4.5 Wat sê Andy se lyftaal in raampie 6? (1)

4.6 Kies die korrekte antwoord en skryf die letter neer (bv. 4.6 A)
Watter woordsoort is die woord "arme" in raampie 4

A: Werkwoord
B: Byvoeglike naamwoord
C: Selfstandige naamwoord (1)
D: Lidwoord

4.7 In raampie 5 het Andy vir Flo **gestereotipeer**.
Voltooi Andy se sin in raampie 5 deur woorde in te vul wat op stereotipering dui: ***"Jy klink nou weer tipies net soos …"***. (1)

4.8 Hoe probeer Andy in raampie 7 vir Flo **manipuleer**? (1)

4.9 Waarom is die komma in raampie 7 se spraakborrel noodsaaklik? (1)
**[10]**

**VRAAG 5:**

**TEKS F**

Lees die onderstaande en beantwoord die vrae wat volg:




VRAE:

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.1 Ben is nie tevrede met die werk wat die bouer doen nie. | 5.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**. (2) |
| 5.2 Ben sê vir die bouer: "Jy moet na die venster kyk." | 5.2 Skryf die sin in die **indirekte rede**. (2) |
| 5.3 Alles in die huis is skeef. | 5.3 Skryf oor in die **ontkennende vorm**. (2) |
| 5.4 Daar is nie seep in die seepbakkie nie. Dit is onderstebo. (omdat) | 5.4 **Verbind** die twee sinne deur middel van die voegwoord tussen hakies. (2) |
| 5.5 Die bouer het al die ligskakelaars skeef ingesit. | 5.5 Skryf die sin in die **lydende vorm**. (1) |
| 5.6 Die bouer haal die skewe ligskakelaars uit en sit dit reg in. | 5.6 Skryf die sin in die **toekomende tyd**. (1) |
| 5.7 Die gordyn / altyd skeef / voor die venster / hang. | 5.7 Skryf die sin oor met die **korrekte volgorde** van die woorde. (1) |
| 5.8 Ben is ontevrede oor <u>die bouer se knoeiwerk.</u> | 5.8 Vorm 'n vraagsin. Begin met **Waaroor…** (1) |
| 5.9 Die vloer is baie ongelyk. Die bad staan skeef. (daarom) | 5.9 Verbind die 2 sinne met **daarom**… (2) |
| 5.10 Die bouer maak die knoeiwerk reg. | 5.10 Voltooi die sin in die **infinitief**: Die bouer is vasberade om …… (1) |
| 5.11 Die bouer vra: "Het ek iets verkeerd gedoen?" | 5.11 Skryf oor in die **indirekte rede**. (2) |
| 5.12 Die bouer antwoord dat hy al die foute sal regmaak. | 5.12 Skryf die sin oor in die **direkte rede**. (2) |
| 5.13 Die skewe bad moet deur die bouers reggemaak word. | 5.13 Skryf die sin oor in die **bedrywende vorm.** Begin met **Die bouers**… (1) |

**[20]**

**GROOTTOTAAL: 80**